



21 November 2018

## **Die Ouditeur-generaal lewer verslag oor 'n algehele agteruitgang in die audit-resultate van nasionale en provinsiale staatsdepartemente en hulle entiteite**

**KAAPSTAD** – Die ouditeur-generaal (OG), Kimi Makwetu, het vandag nasionale en provinsiale auditresultate wat 'n algehele agteruitgang oor die afgelope finansiële jaar toon, aangekondig.

Met die vrystelling van sy algemene verslag vir 2017-18 het Makwetu gesê dat die auditverslae in geheel – by beide departemente en openbare entiteite – agteruit gegaan het.

Hy het gesê dat, terwyl auditresultate van 43 geouditeerdes verbeter het, is dit oorskadu deur die 73 wat sedert die vorige jaar agteruit gegaan het.

Die OG het verder daarop gewys dat daar oor die afgelope vier jaar sedert 2014-15 dieselfde patroon was, met meer audituitkomste wat agteruit gegaan as verbeter het. Hy het dit veral toegeskryf aan diegene wat in beheer was, se gesloer met die implementering van audit-aanbevelings wat deur sy kantoor gemaak is, of dit totaal geïgnoreer het.

## **Impak van die verontagsaming van vorige jare se ouditaanbevelings op audituitkomste**

Makwetu het gesê sy kantoor wys al jare lank op swakhede in interne beheermaatreëls en die risiko's wat by nasionale en provinsiale owerhede aandag vereis het deur die grondliggende oorsake vir auditbevindings en – aanbevelings te verskaf om hierdie onderliggende oorsake reg te stel. Op

dieselfde wyse het die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) deurlopend gewys op 'n gebrek aan deurslaggewende leierskap om die gebrek aan rekenpligtigheid aan te spreek deur gevolge te verseker vir diegene wat basiese prosesse wat doeltreffende regering in die wiele gery het, verontagsaam het.

“Soos ons jongste verslag uitwys, was verskeie rolspelers traag met die implementering van ons aanbevelings en het, in sekere instansies, selfs ons aanbevelings blatant geïgnoreer. Die gevolg was 'n beperkte verbetering in aanspreeklikheid vir staatsbesteding, en die risiko's wat ons 'n aantal jare reeds uitgewys het, begin nou materialiseer.

“In ons vorige verslae het ons gesê dat die langsame reaksie deur bestuur op ons boodskappe die hooforsaak van swak oudituitkomste was, maar ons ervaring oor die afgelope jaar is dat bestuur by 28% van die geouditeerdes met swak uitkomste glad nie eens gereageer het nie,” aldus die OG.

## **Kollektiewe poging tot grootskaalse skoon administrasie en rekenpligtigheid**

Die OG het gesê dat hy gehoop het dat die uittredende administrasie – op nasionale en provinsiale vlak – die bestuurs- en rekenpligtigheidsuitdagings wat deur sy kantoor tydens die vyfjaartermyn wat spoedig sy einde nader, uitgewys is, sou aanspreek.

Hy is egter bemoedig deur, onder andere, die onderneming van die minister van finansies, Tito Mboweni, tydens sy mediumtermyn begrotingstoespraak, dat sy departement, wat die Nasionale Tesourie insluit, sal voortgaan om nou saam te werk met die OG se kantoor om te verseker dat die regering sy bestuurstelsels stywer kan trek.

“Diegene wat positiewe oudituitkomste ontvang en gehandhaaf het, gaan voort om te demonstreer dat grootskaalse skoon administrasie en rekenpligtigheid in die openbare sektor moontlik is, as ons maar net kan fokus

daarop om die basiese dinge reg te doen. Ons bly verbind daartoe om (binne ons mandaat) onvermoeid en met almal wat belas word met staatsbestuur en oorsig om finansiële en prestasiebeheer in nasionale en provinsiale bestuur te versterk, saam te werk," het Makwetu gesê.

## **A. 'n Kykie na van die verslag se sleutelbevindings**

Onder sy ander sleutelbevindings, het Makwetu se verslag uitgewys dat:

- die gehalte van die prestasieverlae tot 65% ietwat verbeter het, met al die geouditeerdes wat nou geloofwaardige verslae publiseer. Die OGSA het egter ook prestasieverlae vir ouditering met grootskaalse wanvoorstellings ontvang
- daar op nasionale vlak 'n agteruitgang in audit-uitkomste was, met die aantal skoon uitkomste wat verminder het tot 23 % van die totale geouditeerde populasie vergeleke met 30% in die vorige finansiële jaar
- op provinsiale vlak die Wes-Kaap en Gauteng steeds die beste resultate lewer – met 83% en 52% skoon audits onderskeidelik
- daar ernstige swakhede is in die finansiële bestuur van nasionale en provinsiale owerhede wat nie oor die afgelope vier jaar aangespreek is nie
- ongemagtigde uitgawes met 38% vanaf die vorige boekjaar toegeneem het tot R2,1 biljoen, waarvan 86% 'n gevolg van oorbesteding was
- vrugtelose en verkwistende besteding vanaf die vorige jaar met meer as 200% tot R2,5 biljoen gestyg het
- onreëlmatige uitgawes steeds hoog gebly het op R51 biljoen. Hierdie totaal sluit in die onreëlmatige uitgawes van daardie geouditeerdes waar die OGSA die audits na die afsnydatum van hierdie verslag (R5,4 biljoen) voltooi het. Dit is belangrik om daarop te let dat die R51 biljoen die OSB's uitsluit wat nie deur die OGSA geouditeer is nie, en waarvan die totale onreëlmatige uitgawes 'n totaal van R28,4 biljoen beloop

- die finansiële gesondheid van geouditeerdes voortdurend agteruitgegaan het
- daar 'n groeiende risiko van verhoogte litigasie en eise teen departemente was. Byna 'n derde van departemente het eise van meer as 10% van hulle volgende jaar se begroting teen hulle gehad. "Departemente begroot nie vir sulke eise nie, wat beteken dat al die suksesvolle eise betaal sal word uit fondse wat bedoel is vir die lewering van dienste, en dus verder invreet op die vermoë van hierdie departemente om finansiëel volhoubaar te wees," het Makwetu gewaarsku
- 'n totale tekort van R35,1 biljoen opgeloopt is deur die 41% van openbare entiteite wie se uitgawes hulle inkomste oorskry het – 75% hiervan was die tekort van die Padongelukkefonds. Die OG se verslag het gewaarsku dat "selfs al sou die meerderheid van openbare entiteite wat tekorte opgeloopt het in staat wees om met hulle werksaamhede voort te gaan, hierdie negatiewe aanduiders kommer wek oor hulle finansiële geloofwaardigheid, wat kan lei tot druk om addisionele befondsing van die regering te verkry"
- die geouditeerdes wat in wese nie voldoen het aan wetgewing nie, van 64% tot 72% gestyg het. Die OG het gesê dat die terugval in oorsig en beheer op die gebied van voldoening duidelik was in 'n aantal areas, insluitend voorraadkettingbestuur (SCM), en gelei het tot verhoogde onreëlmatige uitgawes
- die nie-voldoening aan wetgewing vir voorraadkettingbestuur (SCM) het gestyg. Makwetu het dit benadruk dat die status "selfs erger was as in 2014-15".

## Die oudituitkomst met die eerste oogopslag

In sy jaarlikse oudits ondersoek die OGSA die volgende aspekte:

- Billike voorstelling en afwesigheid van materiële wanvoorstellings in finansiële state

- Billike en geloofwaardige prestasie-inligting vir doeleindes van verslaglewering oor voorafbepaalde prestasiedoelwitte
- Voldoening aan wetgewing wat finansiële sake bestuur.

Die geouditeerde instelling behaal 'n skoon oudit wanneer sy finansiële state ongekwalifiseerd is, met geen ouditbevindings in sy verslaglewering oor voorafbepaalde doelwitte en voldoening aan wetgewing nie.

## **B. Geouditeerdes wat dringende ingrypings benodig**

Die OG se verslag het openbaar dat die volgende geouditeerde kategorieë dringende aandag en gefokuste intervensies deur nasionale en provinsiale leierskap- en oorsigstrukture benodig:

### **Departemente van onderwys, gesondheid en openbare werke het swakste oudits**

Onderwys, gesondheid en openbare werke behaal steeds die swakste ouditresultate van alle departemente – 33% van hierdie departemente het gekwalifiseerde menings ontvang (vergeleke met slegs 16% van die ander departemente). Slegs twee van die departemente in hierdie sektore het skoon ouditmenings ontvang.

Hierdie groep van departemente is verantwoordelik vir net meer as die helfte van die departementele begrotings en vir die implementering van sleutelprogramme om die gesondheid en welsyn van burgers te verbeter.

Makwetu het gewaarsku dat die finansiële gesondheid van die provinsiale departement van gesondheid en onderwys “dringende intervensie benodig om die ineenstorting van hierdie belangrike diensleweringdepartemente te voorkom”.

Hy het gesê, vergeleke met ander departemente, is hierdie sektore “in ‘n slegte toestand”. Byvoorbeeld, die ongemagtigde uitgawes deur provinsiale onderwysdepartemente staan op byna R1 biljoen en die tekort wat die Oos-Kaapse onderwysdepartement alleen opgeloop het, is R1,7 biljoen.

### **Provinsiale gesondheidsdepartemente selfs groter rede tot kommer**

Die OG se verslag het ‘n prentjie geskilder van provinsiale gesondheidsdepartemente wat in ‘n kwesbare posisie is. Hulle is die Oos-Kaap, Vrystaat en die Noord-Kaap.

Die totale tekort van die gesondheidsdepartement staan op R8,4 biljoen. Al die gesondheidsdepartemente, behalwe die Wes-Kaap en Vrystaat, het eise teen hulle wat meer was as hulle totale bedryfsbegroting vir 2018-19. Die bedryfsbegroting van die Oos-Kaapse gesondheidsdepartement was meer as drie maal sy bedryfsbegroting.

### **Tegniese en Beroepsonderwys- en Opleidingskolleges sukkel om rekenskap van hulle finansies te gee**

Makwetu se verslag het aangetoon dat tegniese en beroepsonderwys en -opleidingskolleges steeds sukkel om rekenskap van hulle finansies te gee. Van die 48 kolleges wat bv. deur die OGSA geouditeer is, het slegs drie skoon oudits ontvang, vergeleke met die nege in die vorige jaar.

“Hierdie kolleges kan nie akkuraat rekenskap gee van die geld of van wat aan hulle geskuld word of van hulle bates nie. Vrae moet gevra word oor die potensiële verlies van geld deur die swak bestuur van bates, inkomste en skuldenaars by hierdie kolleges op ‘n tyd wat befondsing dringend benodig word vir tersiêre onderwys.”

## **C. Staatsbeheerde ondernemings**

### **Oudituitkomste van staatsbeheerde ondernemings gaan steeds agteruit**

Die resultate van die geouditeerde staatsbeheerde ondernemings (SBO's) het van die vorige jaar en van 2014-15 af steeds agteruitgegaan.

Die Onafhanklike Ontwikkelingstrust het vir die derde agtereenvolgende jaar 'n vrywaringsmening ontvang, en die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) het van 'n afgewese mening na 'n vrywaringsmening teruggedra. Slegs die Ontwikkelingsbank van Suidelike Afrika, wat vir die eerste keer deur die OGSA geoudit is, het 'n skoon ouditmening behaal.

Soos in die voorafgaande jaar was 'n aansienlike aantal SBO-oudits nie teen 30 September se afsluitingsdatum voltooi nie. Dit, het die OG gesê, was "weens finansiële state en oudits wat vertraag is omdat die geouditeerdes gesukkel het om aan te toon dat hulle steeds in bedryf was". Dit het gegeld vir die Suid-Afrikaanse Lugdiens, die Denelgroep (ook 'n nuwe geouditeerde van die OGSA), die Suid-Afrikaanse Kernenergie Korporasie en SA Express (waar die jongste finansiële state en ouditverslag wat gepubliseer is, vir die 2015-16 finansiële jaar was, en die 2016-17 ouditverslag eers onlangs gefinaliseer is).

### **Finansiële gesondheid van Staatsbeheerde Ondernemings (SBO's)**

Die OG het gesê dat daar 'n geringe verbetering was in die finansiële gesondheid van SBO's, maar die SAUK, die Petroleum-, Olie- en Gaskorporasie en die Suid-Afrikaanse Poskantoor het vermeld dat daar groot twyfel bestaan oor of hulle in die toekoms sonder finansiële hulp met hulle werksaamhede sal kan voortgaan.

"In ag genome dat meeste van die SBO's waar oudits nog nie voltooi is nie, deurlopend uitdagings in die gesig staar, lyk die finansiële toekoms vir die meeste van hulle maar sleg," het die OG onthul.

Daar was swakhede in die prestasieverlagleweringprosesse en 'n toename in nievoldoening by die 16 SBO's wat deur die OGSA geoudit is – 88% het wesenlike bevindings in hierdie verband. Hierdie entiteite het ook R1,9 biljoen aan onreëlmatige uitgawes verklaar, maar die bedrag kan selfs hoër weer aangesien drie SBO's – die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, Suid-Afrikaanse Bosboumaatskappy en Komatiland-bosplantasie – gekwalifiseer is op grond van die volledigheid van hulle onreëlmatige uitgawes se bekendmaking.

Die onreëlmatige uitgawes van die SBO's wat ons nie geoudit het nie, beloop R28,4 biljoen, wat R19,6 biljoen by Eskom en R8,1 biljoen by Transnet ingesluit het.

## **Departemente verantwoordelik vir SBO's moet oorsigpraktyke versterk**

Die verslag het kommer uitgespreek oor vakante poste in sleutelposisies en onstabiliteit op raads- en bestuursvlak by hierdie entiteite. Dit beklemtoon ook die feit dat die 10 departemente wat verantwoordelik is vir toesig oor die SBO's nie konsekwente oorsigpraktyke gehad het nie, en dat die meerderheid nie voldoende beplan het vir hulle oorsigfunksie nie, of dit nie in hulle prestasieverlae gerapporteer het nie.


Makwetu het ook beklemtoon dat “SBO's 'n belangrike rol in Suid-Afrika speel, en dat hulle deur die staat ondersteun maar ook aanspreeklik gehou moet word.

“Rekenpligtigheid in staatsbestuur is belangrik om te verseker dat openbare amptenare aanspreeklik is vir die besluite en aksies wat hulle neem terwyl hulle hul rolle en verantwoordelikhede vervul. Daar was 'n aantal positiewe veranderings om die oorsig en bestuur van SBO's te verbeter, insluitend verbeterde insig deur parlementêre komitees en die aanspreek van leierskapsuitdagings op bestuursvlak. Die meeste van ons aanbevelings uit vorige verslae is egter steeds nie by alle SBO's geïmplementeer nie.”



## D. Nasionale en provinsiale oudituitkomste

Die grafiek hieronder dui die beweging in oudituitkomste aan:



Op nasionale vlak was daar 'n terugval in uitkomst, met die aantal skoon oudits wat tot 23% van die totale populasie verminder het.

Provinsiaal het die Wes-Kaap en Gauteng steeds die beste resultate gelever – met 83% en 52% skoon oudits onderskeidelik. Gemeenskaplik aan beide provinsies, het die OG gesê, “was die rol van die leierskap en die wetgewende magte in die vestiging van 'n kultuur van rekenpligtigheid en deursigtigheid, die stel van doelwitte vir skoon administrasie, en die stelselmatige werk na daardie doel ten spyte van die feit dat hulle dieselfde soort uitdagings as die ander provinsies gehad het”.

Die uitkomst in die Wes-Kaap het 'n geringe terugval oor die vier jaar getoon as gevolg van geïsoleerde gevalle van foutiewe boekhouding en nievoldoening.

Die finansiële state van al die geouditeerdes in Gauteng was ongekwalfiseerd, maar geloofwaardige prestasieverslaglewering en voldoening aan wetgewing was nog nie by alle geouditeerdes aanwesig nie, wat gelei het tot onreëlmatige uitgawes.

Die OG het gesê dis jammer dat die verbetering in oudituitkomst in die Oos-Kaap oor die vorige klompie jare nie volgehou kon word nie – die oudituitkomst het in 2017-18 versleg as gevolg van die stadige pas waarteen die bevindings wat elke jaar deur sy kantoor geopper is, aangespreek is.

Net so is die verbeteringstendens in Limpopo nie voortgesit nie, met meer geouditeerdes wat in die jaar onder oorskou teruggesak in plaas van verbeter het. Ten spyte van die provinsiale leierskap wat hom verbind tot die implementering van sy kantoor se aanbevelings, “is dit nie tydig en beslissend gedoen nie, met geouditeerdes wat probeer het om die vorige jaar se bevindings eers met jaareinde of gedurende die ouditproses op te los”, aldus Makwetu.

Makwetu het erkenning gegee aan Mpumalanga as die enigste provinsie waar die oudituitkomste verbeter het. Die uitkomste was egter oor die vorige vier jaar wisselvallig, met geouditeerdes wat nie hulle uitkomste gehandhaaf het nie aangesien sterk interne beheerstelsels nie ingestel is nie, wat gelei het tot onstabiele internebeheer kontrole-omgewings. Hy het gesê die geouditeerdes wat verbeter het, het dit gedoen deur hulle planne van aksie, gelei deur leiers wat die regte toon aangegee het, deur te voer.

Die uitkomste in die Noord-Kaap en KwaZulu-Natal, daarteenoor, was oor die afgelope vier jaar wisselvallig – verbeterings in die een jaar is opgeweeg teen regressies in die daaropvolgende jaar. Die OG het 'n gebrek aan dringendheid van die leierskap aangehaal in sy reaksie op die grondoorake van die oudituitkomste in hierdie provinsies.

In Noord-Wes en die Vrystaat, het Makwetu “gebrek aan rekenpligtigheid en verbintenis teenoor skoon administrasie” uitgesonder as faktore wat die swak vertoning

van hierdie provinsies beïnvloed het. Hierdie oudituitkomste het deurgaans versleg en hulle was die enigste provinsies met afgewese en ongunstige menings.

“Hierdie provinsies was in 'n baie swak toestand – hulle finansiële gesondheid was die slegste van al die provinsies, geen geouditeerdes behalwe een in Noord-Wes, kon voldoen aan wetgewing nie, en die onvermoë om betroubaar verslag te lewer van die prestasie van geouditeerdes en belangrike provinsiale projekte was algemeen. Vertragings in die voltooiing van projekte, swak gehalte van werk en betalings sonder bewys van lewering (veral in die Vrystaat) het gelei tot swak dienslewering en bewerings van bedrog.

“Ten spyte van verbintenisse wat in die verlede teenoor ons gemaak is, het dit duidelik geword dat die politieke en administratiewe leierskap ons boodskappe en aanbevelings ignoreer – eerder kies om die ouditbevindings

te betwis, in plaas daarvan om die swak kontrole-omgewing by byna al die geouditeerdes in die Noord-Wes aan te spreek,” het hy bekend gemaak.


Hy het gesê dat in die Vrystaat, “in plaas daarvan om die grondoorsake van swak oudituitkomstes aan te spreek, is strategieë verander om belangrike interne kontroles te omseil. Daarbenewens was dit algemeen in albei dié provinsies dat die oorsigstrukture nie pro-aktief was nie, wat die inwerkingstelling van konsekwensies verhinder het, aangesien lede van die uitvoerende komitee nie aanspreeklik gehou is nie”.

## **E. Onvoltooide oudits**

Ten 31 Augustus was 41 oudits steeds nie voltooi is – ‘n styging van die 26 oudits wat op dieselfde tyd die vorige jaar nie voltooi was nie. Die hoofredes was die laat of geen indiening van finansiële state en uitstaande inligting. ‘n Totaal van 18 van die uitstaande oudits was ‘n gevolg van SBO’s wat probeer het om hulle heersende status op te los.

## **F. Finansiële gesondheid van geouditeerdes**

Die grafiek hieronder dui die bewegings van departemente se finansiële status aan:



Die finansiële gesondheid van geouditeerdes het steeds agteruit gegaan. Departemente, in die besonder, het gesukkel om hulle finansies te laat klop. Die verslag het aangedui dat die finansiële gesondheid van departemente in 2017-18 verder teruggesak het, met 'n afwaartse spiraal sedert 2014-15. Die geouditeerdes met 'n goeie finansiële gesondheidstatus het slegs 28% van die uitgawebegroting van departemente verteenwoordig.

In totaal het 16 van die departemente wat geïdentifiseer is om dringende intervensie te benodig, in hulle finansiële state vermeld dat hulle miskien nie in staat is om dienste te lewer as addisionele fondse nie voorsien word nie. Hoewel hierdie departemente met hulle werksaamhede sal voortgaan, het hulle gerapporteer dat hulle aan die einde van die finansiële jaar in 'n besonder weerlose posisie was.

## **G. Voorraadkettingbestuur**

Die nievoldoening aan wetgewing vir voorraadkettingbestuur (VKB) het gestyg. Die status, het Makwetú beklemtoon, “was selfs erger as in 2014-15, ten spyte van al die verslaglewering wat in hierdie area gedoen is, die rooi vlag wat ons gehys het, en die vele aanbevelings wat ons gemaak het. Niekompeterende en onbillike verskaffingsprosesse en onvoldoende kontrakbestuur was algemeen”.

Makwetú het gewaarsku dat, vir ‘n land waarvan die ekonomie amptelik verklaar is as synde in tegniese resessie, “kan die regering nie bekostig om geld te verloor vanweë swak besluitneming, nalatigheid of ondoeltreffende praktyke” soos die gebrek aan opvolg van oudit-aanbevelings of die hoë vrugtelose en verkwistende uitgawes wat in effek geld is wat weggeraak het.

### **Stygings in onreëlmatige uitgawes**

Onreëlmatige uitgawes het hoog gebly op R51 biljoen. Hierdie totaal sluit in die onreëlmatige uitgawes van dié geouditeerdes waar die OGSA die oudits voltooi het na die afsnydatum vir hierdie verslag (R5,4 biljoen). Die OG het ook verwag dat hierdie bedrag selfs hoër sal wees, aangesien 27% van die geouditeerdes verklaar het dat hulle onreëlmatige uitgawes aangegaan het, maar dat die volle bedrag nie bekend is nie. Daarbenewens is 28 geouditeerdes gekwalifiseer, aangesien die bedrag wat hulle verklaar het, onvolledig was. Verder kon die OGSA R6,5 biljoen se waarde aan kontrakte nie oudit nie as gevolg van verlore of onvolledige inligting.


Die top 10 bydraers tot onreëlmatige uitgawes was verantwoordelik vir 52% van die totale bedrag aan onreëlmatige uitgawes. Makwetú het vermeld dat 17% van die onreëlmatige uitgawes in vorige jare eers in 2017-18 verklaar is, terwyl die oorblywende 83% (R37,9 biljoen) uitgawes in 2017-18 was – wat 4% van die

totale uitgawebegroting verteenwoordig. “Dit het ingesluit R16,8 biljoen in betalings aan voortslepende kontrakte wat onreëlmatig in ‘n voorafgaande jaar toegeken is – indien die nievoldoening nie ondersoek en goedgekeur is nie, sal hierdie multjaar-kontrakte voortgaan om as onreëlmatige uitgawes gesien en verklaar te word,” het hy verduidelik.

“Die onreëlmatige uitgawes verteenwoordig nie noodwendig verkwisting of bewyse dat bedrog gepleeg is nie – dit moet deur ondersoek deur die rekenpligtige amptenaar of rekenpligtige owerheid bevestig word. Verliese kon reeds voorgekom het of kan steeds voorkom indien opvolg-ondersoek nie uitgevoer word nie. Geouditeerdes het ‘n swak rekord as dit kom by die hantering van onreëlmatige uitgawes en die versekering van rekenpligtigheid. Die jaareind-balans van onreëlmatige uitgawes wat oor baie jare opgeloop het en nie (deur herwinning, kwytstelling of afskrywing) opgelos is nie, is R1 61,8 biljoen,” aldus die OG

## Ongemagtigde uitgawes styg

### Ongemagtigde uitgawes van departemente



Die ongemagtigde uitgawes het van die vorige jaar met 38% tot R2,1 biljoen gestyg – 86% was die gevolg van oorbesteding.

Die status van ongemagtigde besteding bied ook 'n blik op die finansiële gesondheid van geouditeerdes, aangesien dit meestal die oorspandering van hulle begrotings verteenwoordig, en die OG is bekommerd omdat hierdie besteding sedert die vorige jaar toegeneem het.

Hy het gesê dat die styging in ongemagtigde besteding "'n prentjie skets van departemente wat nie in staat is om binne hul begrotings te funksioneer nie – wat dan lei tot tekorte en oortrokke rekenings". In totaal het 82 departemente (52%) tegnies gesproke onvoldoende fondse gehad om skuld te delg wat teen die einde van die jaar as onbetaalde uitgawes gereken is. Dit beteken dat hierdie departemente die 2018-19 finansiële jaar begin het met 'n deel van hulle begroting in effek reeds gespandeer. Terwyl dit 'n minimale effek sal hê op die meeste departemente omdat die bedrae klein is, het 15 departemente reeds meer as 10% van hulle 2018-19 bedryfsuitgawe-begroting spandeer indien die begroting vir werksnemerskoste nie in berekening gebring word nie.

"Sommige departemente het nie hulle krediteure betaal toe hulle begrotings begin opraak het nie en het daardeur ongemagtigde uitgawes vermy, maar die betalings is toe in die daaropvolgende jaar gemaak, wat in effek beteken dat geld wat vir ander dienslewingsprioriteite bedoel was, gebruik is. Hierdie volgehoue "verlenging" van begrotings het 'n negatiewe impak gehad op departemente se vermoë om krediteure betyds te betaal en om dienste te lewer," het die OG gesê.


Hy het ook gerapporteer dat eise teen departemente gemaak is deur litigasie vir vergoeding weens 'n verlies wat deur die departement veroorsaak is – die mees algemene eise dié vir mediese nalatigheid gemaak teen provinsiale gesondheidsdepartemente. Departemente begroot nie vir sodanige eise nie,



wat beteken dat alle suksesvolle eise betaal gaan word uit fondse wat bedoel is vir dienslewering, en dus die vermoë van hierdie departemente om finansiëel volhoubaar te wees, verder sal ondermyn.

### Vrugtelose en verkwistende uitgawes styg

Die grafiek hieronder vertoon 'n vierjaar- vrugtelose en verkwistende uitgawepatroon.



Die aantal geouditeerdes met vrugtelose en verkwistende uitgawes het met 10% vanaf die vorige jaar gestyg. 'n Totaal van 181 geouditeerdes het vrugtelose en verkwistende uitgawes in beide die huidige en vorige jaar aangegaan, waarvan 157 sodanige uitgawes vir die afgelope drie jaar aangegaan is.

Makwetu het gewaarsku dat “die regering nie kan bekostig om geld as gevolg van swak besluitneming, nalatigheid of onbevoegdheid te verloor nie. Tog sien ons steeds 'n styging in vrugtelose en verkwistende uitgawes. Hierdie

uitgawes, wat in effek geld is wat verlore geraak het, het met meer as 200% vanaf die vorige jaar toegeneem. Die algehele styging was meestal 'n gevolg van die R1 022 miljoen verlies deur die Waterhandelsentiteit, waar betalings gemaak is sonder voortvloeiende vordering in waterinfrastruktuur-projekte”.

## **H. Bevindings oor die bestuur en lewering van sleutelprogramme**

Die OG se verslag het ook bevindings oor die bestuur en lewering van regeringsprogramme met 'n gekombineerde begroting van R47,9 biljoen ingesluit. Hierdie programme is:

1. waterinfrastruktuur-ontwikkeling
2. uitgebreide openbarewerke-program
3. behuisingsontwikkeling-finansiering.

Die OGSA het ook die bestuur en lewering van sleutelprogramme in die onderwys- en gesondheidssektore geaudit, en sal verslae van die bevindings vroeg in 2019 ter tafel lê.

Makwetu het openbaar gemaak dat, sedert sy eerste verslag oor hierdie drie programme verlede jaar, “was daar min verbetering” aangesien nie alle auditaanbevelings van sy kantoor geïmplementeer is nie.

In totaal is 98% van die totale begroting wat toegewys is om hierdie programme moontlik te maak, in 1917-18 gespandeer; en tog het departemente slegs 12% van die verwante teikens behaal.

Die OG het verder verklaar dat nóg die Departement van Openbare Werke nóg die Departement van Menslike Nedersettings op 'n betroubare manier op die prestasie van hulle programme verslag gelewer het, aangesien inligting oor die bereiking van die projekte wat op provinsiale en munisipale vlakke befonds is, nie altyd konsekwent ingesamel is nie, en dus nie betroubaar is nie. Dit, aldus die OG, sal dit moeilik maak vir die regering om vas te stel of die bedoelde

teikens van hierdie programme aan die einde van die huidige vyfjaar mediumtermyn strategiese raamwerktermyn behaal is.

Onreëlmatighede in verkrygingsprosesse en onvoldoende kontrakbestuur was repeterende bevindings oor die water- en behuisingsprojekte. Sommige van die projekte het ernstige leemtes in terme van vertraagde lewering, swak gehalte van werk, afval en wanbestuur vertoon.

## **I. Bestryding van ouditbevindings**

Makwetu het openbaar gemaak dat die tendens van bestryding van sy kantoor se ouditbevindings in 2017-18 voortgesit en verskerp is, wat gelei het tot die vertraging van sommige oudits.

“Dit is aanvaarbaar vir diegene wat ons oudit (geouditeerdes) om die uitkoms van oudits, gebaseer op bewyse en soliede rekenkundige interpretasies of regsgronde, te bevraagteken en uit te daag.

Ons erken ook dat baie van die boekhouding- en regsake wat in die oudits gehanteer word, kompleks en dikwels oop vir interpretasie is,” het hy verduidelik.

Makwetu het aangevoer dat by sommige geouditeerdes druk geplaas word op sy kantoor se ouditspanne om bevindings te verander bloot om negatiewe oudituitkomstes of die openbaarmaking van onreëlmatige uitgawes – sonder voldoende gronde – te vermy. Hy het hom beroep op die leierskap om die toon aan te gee vir rekenpligtigheid, en beklemtoon dat “as oudituitkomstes nie soos verlang is nie, energie gerig moet word op die aanspreek van die probleem en nie op die dwang op ouditeure om hulle bevindings te wysig nie”.

## J. Afsluiting

“Die beperkte verbetering in oudituitkomste in die besonder en staatsbestuur in die algemeen, oor die jare heen, toon aan dat rekenpligtheidsmeganismes nie werk soos hulle moet nie.

Dit het op sy beurt's gelei tot voortdurende oproepe vir meer om gedoen te word – veral by ons kantoor. Deur die ondersteuning van ons parlementêre oorsigkomitee is die Wet op Openbare Oudits uiteindelik gewysig om ons te voorsien van meer mag om rekenpligtheid in die bestuur van openbare fondse te verseker.

“Dit is die moeite werd om weereens te beklemtoon dat die bedoelings van die wysigings nie is om die funksies van die ouditbeampies of rekenkundige outoriteite oor te neem nie, aangesien hulle verantwoordelikhede duidelik in wetgewing uitgespel word. Dit is eerder om in te gryp waar daardie verantwoordelikhede nie nagekom word nie, ten spyte van ons wat die leierskap attent maak op wesenlike onreëlmatighede wat ondersoek en hanteer moet word. Die wysigings sal ons voorsien van die mag om 'n direkte impak op hierdie oudituitkomste te hê,” het Makwetu afgesluit.

**Uitgereik deur:** Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika

**Kontak:** Africa Boso • (012) 422 9880 • [Africab@agsa.co.za](mailto:Africab@agsa.co.za)



**Volg die OGSA op Twitter:** [AuditorGen\\_SA](https://twitter.com/AuditorGen_SA)

**Medianota:** Die Gekonsolideerde algemene verslag oor die WOFB se nasionale en provinsiale oudituitkomste is beskikbaar by [www.agsa.co.za](http://www.agsa.co.za). Hierdie mediavystelling en sy vertaalde weergawes in Sotho, Tsonga, Xhosa, Zulu en Afrikaans sal ook op ons webwerf beskikbaar wees.

**Oor die OGSA:** Die OGSA is die land se hoogste ouditinstelling. Dit is ook die enigste instelling wat, volgens wet, moet audit en rapporteer oor hoe die regering belastingbetalers se geld spandeer. Dit was sedert die OGSA se instelling in 1911 die fokus van die OGSA. Die organisasie het in 2011 sy 100-jarige openbare sektor ouditeringsnalatenskap gevier.